# BOEK BESPREKING

**„Sewe dae by die Silbersteins" deur Etienne Leroux.** Human & Rousseau. 156 bl. **R1.80.**

HIERDIE veelbesproke boek is met die Hertzogprys vir 1964 bekroon en sal dus ongetwyfeld 'n wyer leserskring geniet as wat normaalweg die geval sou wees.

Dit handel oor die sedelose lewenswyse van die rykes en hul eindelose bespiegelings oor godsdiens en die aard van die mens. Bv. „Maar tog" sê die onsigbare dr. Johns, „as die vrye wil afhanklik is van die oorspronklike wilsbeweging van God, soos Thomas Aquinas sê, dan is die vrye wil beperk en bestaan dit slegs in skyn."

Die outeur maak gedurigdeur op 'n deskundige manier gebruik van allerlei dinge en voorvalle (ook in die natuur) om iets te suggereer of om gebeurtenisse of tendense te beklemtoon. Geeneen van die karakters egter kom sterk in die verhaal na vore nie, aangesien die skrywer deurgaans sy tema op 'n abstrakte en onpersoonlike wyse voorstel.

Die verhaal is ook ietwat fantasties en in sekere opsigte onoortuigend, veral wat dit Henry aangaan. Dis inderdaad naasteby onmoontlik om so 'n volkome negatiewe persoonlikheid soos Henry voor te stel, hoewel dit aan die ander kant die leser 'n karakter aanbied met wie hy hom kan vereenselwig om die manewales van die ander, bloot as toeskouer, waar te neem.

Nadat die Katolieke kerk en ander geboue aan die brand gesteek is, kry ons die volgende veelseggende gesprek:

„Ek verneem dat daar 'n kind in die oproer doodgeskiet is" sê iemand.

„'n Blanke of 'n naturel?" vra een van die joernaliste, sy aandag gespits.

„'n Blanke kind."

Die joernalis oorweeg die informasie vir nuuswaarde. Die beslissing is eenvoudig.

„What a pity," sê hy - - - -

„Sewe dae by die Silbersteins."

Per slot van rekening is dit wel 'n gewaagde tema om oor te skrywe, maar Etienne Leroux het hierdie bedorwe lewenswyse deur bespottende en veragtende oë gesien en dáárteen sal niemand beswaar wil maak nie.

Die „gewaagde" passasies wat daarin wel mag voorkom, hoef nie noodwendig pornografie te wees nie. Pornografie kan eers as sulks gebrandmerk word as dit omwille van vuilskrywery en om geen ander rede nie, gebesig word.

A.D.G.